

## Interessante feite oor die Kerk.

- Die gemeente is amptelik op 16 Augustus 1873 gestig.
- Die eerste kerkgebou (waarvan President J.H. Brand op 3 Novemer 1883 die hoeksteen gelê het) is op 7 November 1885 ingewy.
- Sestien jaar later in Maart 1901 gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899—1902) word die hele dorp tesame met die kerkgebou en pastorie afgebrand. Die ou klok van hierdie eerste kerkgebou is steeds by die hoofingang van die kerkterrein sigbaar as herinnering aan hierdie bewoë tyd in die geskiedenis van die gemeente.
- Die huidige kerkgebou (waarvan President Steyn die hoeksteen op 25 Maar 1911 gelê het) is teen 'n totale koste van ongeveer £14 000 voltooi en is op 19 Julie 1912 ingewy.









Regs: Die huidige kerk in wording.
Ver Regs: Die kerk is in die Gotiese styl gebou met die klok toring van sowat 34.14m hoog en die horlosies is elk 1.8 m in deursneë
Onder: Die kerk wat op 7 November 1885 ingewy is en in Maart 1901 afgebrand is. Die hele dorp is ook geheel en al afgebrand.

# 19 Julie 1912—19 Julie 2012 Die Gebou van die NG Kerk 100 jaar in gebruik



Vir die gemeente van Frankfort was 19 Julie 1912 inderdaad 'n heugdelike dag. Op daardie dag het hulle met groot dankbaarheid die groot deure oop gestoot en hulle geestelike huis binne gegaan. Nou, na 100 jaar is dit nog steeds 'n stille getuie van hulle, en ons eie, geloof in God tot Wie se eer die gebou opgerig is.



Hoeksteenlegging van huidige Kerkgebou deur president Steyn op 25 Maar 1911

'n Kerkgebou soos die van Frankfort laat 'n mens dink aan die verhaal in Josua 3 en 4 waar die Here die volk droogvoets deur die Jordaan laat trek het en hulle beveel het om 12 klippe uit die Jordaan by Gilgal op te stapel as teken van wat die Here gedoen het. En as die kinders vir die ouers sou vra wat daardie klippe beteken, moes die ouers die verhaal vir hulle kinders vertel. Sien, daardie klipstapel het 'n storie vertel, wat nooit vergeet moes word nie.

'n Mens sou ook so na die kerkgebou op Frankfort kon kyk: 'n klipstapel met 'n storie wat tog nie vergeet moet word nie. 'n Wonderlike verhaal van God se sorg en genade. 'n Monument van mense se geloof en volharding te midde van uiters moeilike omstandighede.

Paulus skryf in 1Kor 3:9b "Julle is ook die gebou van God."


1Petrus 2:4-6 roep ons op: "Kom na Hom toe, lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is. Daarom staan daar in die Skrif: 'Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.'"




Regs: Die hoeksteen van die huidige kerk. Die argitek was W.H. Ford en die kontrakteur was H.J. van Jaarsveld.




Links: Die hoeksteen van die afgebrande Kerk wat deur Pres. Brand gelê is. Te sien in die linker portaal.



Bo: Die eerste orrel, wat geskenk is aan die kerk deur Broer P.J.L Theron.


100 jaar! Verbeel jou net hoeveel preke het hierdie preekstoel al gesien. Hoeveel breë glimlag paartjies het belofte gesweer aan mekaar en hoeveel groot oog babatjies saam trotse ouers gedoop is.

Dit het egter nie altyd presies so gelyk nie.


Die eerste orrel was agter die preekstoel ingebou op 12 Mei 1920. Met die herstelwerk aan die kerk gedurende 1957 word die orrel na die suidelike gallery geskuif. Dele van die ou orrel word ingbou in hierdie 'nuwe' orrel.

In 1982 word die kerk weer restoreer, en met dié het hulle 'n nuwe orrel gekoop en hom weer agter die preekstoel ingebou, soos wat ons hom vandag sien.

Die ou orrel is verkoop aan 'n kerk in Jeffreysbaai.






Links bo: Die orrel op die suidelike gallery.
Links onder: 'n Netjiese hout paneel is aangebring agter die preekstoel.
Regs onder: Die orrel soos ons hom vandag ken.